



Kinderhoekie

Lees
Markus 3:13-19

JESUS KIES 12 DISSIPELS

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi dan die name van die 12 dissipels.

[16] Hy het hierdie twaalf aangestel: _____, soos Hy Simon genoem het,

[17] _____ seun van Sebedeus, en _____ die broer van Jakobus - vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê "manne van die donder" -

[18] _____ seun van Alfeus, _____ die Kananeër,

[19] en _____ wat vir Jesus verraai het.



Suiderkruis
'n Gemeente vir Oud en Jonk



ONDER ONS 2022

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk & Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

DAGBOEK

Vandag

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
09:00 Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer

SONDAG 30 Oktober

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
09:00 Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer

23 OKTOBER 2022



SENIOR BURGER ETE (PERSONE 60 JAAR EN OUER)

Ons nooi u hartlik uit na ons Senior Burger Ete op Donderdag 10 Nov 2022 om 11:00. Indien u gade jonger as 60 jaar is, is hy/sy welkom om saam te kom. Dit belooft om weer 'n wonderlike oggend te wees. Laat weet asb voor of op 7 Nov 2022 die kerkkantoor (018 294 7939) of u die funksie gaan bywoon.

GEMEENTEKUIER

Op 6 November, na afloop van die oggenddiens en nagmaal, kuier ons saam onder die bome in die voortuin. Dis 'n feestelike dag waar ons die Here kom grootmaak en dankie sê vir Sy liefde en sorg vir ons. Ons nooi alle lidmate vir ons bring en braai op 6 Nov om 11:00. Bring jou vleis, drinkgoed, eetgerei & stoele (bykosse en roomys sal voorsien word) en kom kuier saam met ons. Die vure sal 12:00 gereed wees vir braai. Dis altyd spesiaal om na afloop van die nagmaal saam met mekaar te kuier (vir oulaas in 2022)! Ons nooi julle hartlik uit! Bespreek asb nou reeds by Elize (018 294 7939 of 083 297 6748) ter wille van getalle.



GEBEDSLYS

Bid asb vir:

- Trompie Burger
- Anneke Noeth
- Chris Kok
- Willem en Jakkie Botes

HELPERS SENIOR BURGER ETE

Soos elke jaar maak ons weer staat op ons "onder 60's" om ons te help met die funksie. Indien daar van ons dames (en manne) onder 60 jr is wat ons kan help, kontak asseblief die kerkkantoor. Clarise Mostert gaan vir ons die leiding neem, kom ons help haar en maak van hierdie funksie 'n reuse sukses. Ons maak staat op julle.

